Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

Staatsleer 320 (STL 320)

Kwalifikasie	Voorgraads
Fakulteit	Fakulteit Geesteswetenskappe
Module-inhoud	Deel 1: Demokratiese studies 'n Hoë-vlak kritiese analise van demokratiese teorie en praktyk. Die analise van demokratiese teorie sal temas soos die klassieke, radikale, deliberatiewe en feministiese perspektiewe insluit. Die analise van demokratiese praktyk sal aspekte insluit soos demokratisering, demokratiese konsolidasie, demokratiese burgerskap en samelewing, die rol en belang van die burgerlike gemeenskap, die instellings en prosedures vir demokrasie en "goeie regering". Deel 2: Politieke analise Die metodiek en praktyk van politieke analise is die fokus van die studie. Die beginsels en problematiek onderliggend aan verskillende benaderings en metodes van politieke analise word beskryf en verduidelik. Dit sluit die aard, metodes en gebruik van vergelykende analise, vooruitskouing, risiko-analise, prestasie-evaluering en die politieke oudit in. Hierdie analitiese metodes word in die politieke en beleidskonteks geplaas, met beklemtoning van die praktiese waarde daarvan. Daar word deurgaans van toepaslike voorbeelde en gevallestudies gebruik gemaak.
Modulekrediete	30.00
Programme	BAdmin Internasionale Verhoudings
	BAdmin Openbare Bestuur
	BA Geesteswetenskappe
	BA Regte
	BA Visuele Studies
	BPolSci Internasionale Studies
	BPolSci Politieke Studies
	BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies
	BSocSci Filosofie, Politiek en Ekonomie
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	PTO 101, STL 210(GS), STL 220(GS), 310(GS)
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.